ChristianEbooksForKids.com



ChristianEbooksForKids.com

Maria voel hoe 'n steekpyn skielik in haar rug los skiet en sy snak na haar asem. Sy het al vergeet hoeveel dae hulle al op die pad na Betlehem toe is en is bitter moeg en lyfseer. Sy kyk na Josef wat sleepvoet voor die donkie aanstoot en dan kyk sy byna wanhopig op na die hemel en merk lusteloos die ster wat helder oordag nog in die hemel te sien is. Haar oë draai moeg na die weste waar die son al laag oor die horison hang en sy raak nou bekommerd omdat sy net nie vir nog 'n koue nag in die veld kans sien nie. Ai maatjies, kan julle jul al indink hoe moeg Josef en Maria nou al is?


Net toe Maria en Josef op die kruin van die bultjie, wat hulle moeg en met moeite uitgespartel het kom, snak Maria weer na haar asem. Die steekpyn skiet weer in haar rug in los. Skielik is die steekpyn en die moegheid vergete. Voor Hulle lê die Klein stad Betlehem die laaste goue strale van die sakkende son en opvang.

Verlig skep Josef weer moed en krag en por die moeë donkie met klik geluide aan om tog net 'n klein bietjie vinniger te loop. Dit is al laat en donker toe Maria en Josef by die eerste hotel stilhou en Josef gou gaan hoor of daar vir hulle blyplek is. Tot Maria se teleurstelling is daar geen. So is dit dan ook by elke hotel en losieshuis in Betlehem.

Ja, maatjies, Betlehem wou behoorlik uit sy nate uit bars van al die mense wat hulle hier moes kom inskryf. Josef wil net moedeloos en moeg in die straat gaan sit toe 'n vreemdeling vir hom kom sê dat hy 'n stal het waar hulle kan oornag. Dankbaar aanvaar Josef sy aanbod en volg die man na sy koei stal toe.

Maria kreun nou behoorlik van die pyn en Josef help haar teer van die donkie af. En dit is net daar maatjies, daar in die stal tussen die bokke, koeie, skape en die moeë klein donkie waar ons Here Jesus toe gebore is. Met vreugde draai Maria die klein baba Jesus in

ChristianEbooksForKids.com



ChristianEbooksForKids.com

lappe en doeke toe en lê hom teer in 'n krip vol vars hooi en met 'n loflied in haar hart, neer.

Dankbaar en moeg stap Josef uit die stal uit en sy mond val van verwondering wa wyd oop. Die ster wat hulle die hele pad Betlehem toe gevolg het, staan nou reg bokant die stal. Bot stil. Die ster se lig is nou ook helderder as wat hy tot nou toe nog was. Ja, maatjies. Al wat Josef kan doen, is kyk en kyk.

Nie vêr van Betlehem af is daar skaapwagters wat besig is om hulle skape op te pas omdat dit juis in die nag is wat die roofdiere die skape kom steel om op te vreet. Een van die skaapwagters kyk met verwondering op na die helder ster wat hulle nou al 'n hele ruk aan die wonder het terwyl hulle om hulle kampvuur sit en gesels.

Die skaapwagter frons. Dit moes nou al goed donker gewees het, dink hy, maar dit is nie. Die ster skyn vanaand baie helder en dit lyk vir die skaapwagter of die ster still gaan staan het oor Betlehem. Hy draai terug na die ander skaapwagters wat saam met hom skape oppas en wil net iets oor hierdie waarneming sê toe daar skielik 'n engel van die Here tussen hulle kom staan.

Wow maatjies. Kan julle jul indink hoe groot die skaapwagters moes geskrik het toe hulle die engel sien. Hulle skrik baie groot en knyp hulle oë styf toe. Hulle kan amper nie asem haal nie, so bang is hulle. Na 'n rukkie loer die skaapwagters deur skreef ogies en sien dat die heerlikheid van die Here so helder rondom hulle skyn dat dit lyk asof dit skielik dag geword het.

Dan maak die skaapwagters hulle oë weer baie bang, styf toe en val op hulle knieë neer in gebed. Die engel praat met hulle en sê vir hulle dat hulle nie bang moet wees nie, want hy bring vir hulle baie goeie en blye nuus. Die skaapwagters maak hulle oë verbaas oop en kyk oopmond vir die engel. Dalk het die goeie en blye nuus iets